# DISSIPELSKAP LES 39

| 1 | GEBED |
|---|---|

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor die maak van dissipels toe aan die Here.

| 2 | AANBIDDING (20 minute) *[UITDRUKKING VAN AANBIDDING]* LUISTER NA GOD |
|---|---|

Meditasie.
Aanbidding is die uitdrukking van jou houding teenoor God.
Tema: Luister na God.
***Lees*** die onderstaande Bybeltekste saam met mekaar deur. Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

### 1. Probeer om God se stem te hoor.

Aanbidding is nie maar net sing en bid nie, maar ook luister na God se stem.
Aanbidding is doelbewus en bewustelik stil word om te kan luister as God met jou praat.

- Luister met groot konsentrasie as jy die Bybel lees of luister na iemand wat die Bybel lees.
- Verwag dat God se Gees jou in jou denke, hart, gewete en aanvoeling wil aanspreek.
- Let noukeurig op na God se handelinge in jou lewe, onder andere deur omstandighede.

Aanbidding is dus om te verwag dat God jou aanspreek en probeer om te begryp wat Hy vir jou wil sê.

### 2. Probeer vasstel wat die waarheid is.

’n Belangrike aspek van luister is om tussen waarheid en leuen te onderskei. Die duiwel en slegte mense sal met hulle woorde vurige pyle op jou denke en gees afvuur (Efesiërs 6:16). Maar God se Gees sal net die waarheid tot jou spreek en nooit iets sê wat teen die Bybel is nie (Johannes 16:13)! Daarom is dit belangrik dat jy altyd die subjektiewe stem in jou gees (hart) op die proef sal stel deur wat gesê word te vergelyk met God se objektiewe stem (wat daar in die Bybel staan). Net as die subjektiewe stem in jou gees (hart)(binneste) volledig ooreenstem met wat daar objektief in die Bybel geskryf staan, kan jy daarvan seker wees dat dit God se stem is (1 Johannes 4:1-6).

Aanbidding
Kom ons gaan oor in aanbidding deur stil te luister terwyl God se Woord voorgelees word. (Die groepleier lees stadig Lukas 6:20-45 voor met kort tussenposes tussen die paragrawe, sodat die luisteraars kans kry om dit in te neem.

| 2 | DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* RUT 1 - 4 |
|---|---|

*Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Rut 1 - 4). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

| 4 | ONDERRIG (70 minute) *[CHRISTELIKE KARAKTER]* VERGEWENSGESINDHEID |
|---|---|

Deel van dissipelskap opleiding is karaktervorming. In hierdie studie gee ons aandag aan die belangrikheid om te leer hoe om mense wat jou kwaad aangedoen het te vergewe.

## A. WAT IS BITTERHEID?

Bitterheid is die resultaat van pynlike of gekwetste gevoelens wat nog nie genees het nie. Dis gevoelens van woede en veragting vir onreg wat jou aangedoen is of wat jy dink of voel wat jou aangedoen is. Bitterheid is ’n ingesteldheid van jou hart, wat sê: “***Ek wil nie vergewe nie***”. Bitterheid is onvergewensgesindheid van die hart.

Bitterheid teister voortdurend jou gedagtes en gevoelens. Bitterheid trek jou uitkyk op die wêreld skeef asook jou beoordeling van mense en dinge rondom jou. Bitterheid is ’n kanker wat jou lewe op allerlei vlakke beïnvloed deur jou siek te maak en op te vreet: dit tas nie net jou verhoudings en vriendskappe aan nie, maar ook jou emosies, liggaam en geloofslewe.

## B. WAAROM WORD MENSE VERBITTERD?

Waarom word mense verbitterd? In watter situasies kan jy verbitterd raak? Hier is ’n paar voorbeelde:

As jy veronreg is.
Miskien het jou lewensmaat jou nie lief nie; of jou kind verwerp jou; of jou vriend vergeet jou; of jou baas het nie waardering vir wat jy doen nie en gee nie vir jou bevordering nie; of jou onderwyser gee nie vir jou ’n kompliment vir jou skoolwerk nie, ens.

As iemand misbruik van jou maak.
Miskien het ’n ander jou reg geskend, misbruik gemaak van jou goedheid, jou besittings, selfs jou liggaam, of jou dienste as vanselfsprekend aanvaar.

As jou vertroue beskaam word.
’n Goeie vriend(in) wat jy in jou vertroue geneem het, deel jou probleme of gekwetste gevoelens met andere.


As jy verkeerd beoordeel word.
Jy doen jou bes, maar tog slaag jy nie daarin om aan die (hoër) verwagtinge en eise van andere te voldoen nie. Jy voel jy word nie begryp nie maar eerder verwerp.

As jy teleurgestel word.
’n Ander persoon voldoen nie aan die (hoë) verwagtings wat jy het nie. Hy hou nie sy belofte nie. Hy lewer nie die kwaliteit wat jy verwag nie. Hy is oneerlik teenoor jou.

As jy opstandig is.
Miskien is jy kwaad vir God omdat Hy jou in die moeilike omstandighede laat beland het. Miskien plaas jy ’n groot vraagteken agter sy planne en besluite.

Hoe moet jy nou reageer as jy agterkom dat jy verbitterd is of raak? Jy kan op verskillende maniere reageer.
Jy kan jou gevoelens laat uitwoed op jouself of op andere. Jy kan skreeu, vloek en ’n niks vermoedende persoon aanval. Jy kan jou gevoelens onderdruk en depressief en siek word daarvan. Of jy kan jouself kwaad aandoen deur misbruik van drank, dwelmmiddels of seks, deur misdaad of deur ’n gevaarlike lewenswyse, ens.

## C. VERKEERDE REAKSIES OP ONREG: AFREAGEER IN DIE RIGTING VAN DIE OORTREDER




### 1. <u>Verkeerde reaksie: afreageer op die oortreder (die persoon wat jou onreg aangedoen het)</u>

As jy verkeerd behandel word, bekyk jy die situasie outomaties van <u>’n *natuurlike* (menslike), *horisontale* gesigspunt</u>. Jy sien *net* die oortreder wat jou verkeerd behandel het. Jy voel seergemaak/gekwets, jy is boos/kwaad, jy skel hom (haar) uit, jy sweer wraak of jy tree selfs gewelddadig op teen die ander persoon (oortreder). Jy haal jou negatiewe gevoelens op hom (of haar) uit. Jy wil die onreg vergeld en terugbetaal. Met hierdie reaksie kyk jy nie na God en sý planne vir en met jou nie, maar net na ‘die verkeerde behandeling’. Die pynlike ervaring oorheers alles.

### 2. <u>Wat is die gevolge as jy verbitterd is en afreageer op die oortreder</u>?

*Lees* Matteus 6:15; Hebreërs 12:5-6,10-11;14-15. <u>“Bitterheid” is ’n houding wat nie wil of kan vergewe nie</u>.

(1) Bitterheid tas jou verhouding met God aan. Meestal kan jy nie vergewe nie, omdat jy nie wíl vergewe nie. Jy wil nie vergewe nie omdat jy wil hê dat die ander persoon (oortreder) gestraf word. Maar God sal met jóú maak soos wat jy met ander mense maak. Wanneer jy God se genade om die ander te vergewe en lief te hê, afwys, dan word jou verhouding met God verder benadeel en die verwydering tussen jou en God nog groter. En jy loop ’n baie goeie kans mis om in jou heilige karakter te groei en ’n vrugbare bediening vir die HERE te hê.

(2) Bitterheid tas jou verhouding met ander mense aan. Jy onttrek jou van ander mense, verloor jou vriende, verbreek verhoudings en jy vereensaam. Bitterheid veroorsaak verwarring en besmet baie ander mense. Jy word ’n onrusstoker wat die oortreder in ’n slegte lig wil stel by ander mense en hulle wil oortuig om jou siening van

die situasie te aanvaar. Op hulle beurt versprei hierdie ander mense verdere skinderstories en bitterheid. Bitterheid is dikwels die oorsaak van slegte of gebroke verhoudings en verskeurde gemeenskappe (ook in gemeentes).

(3) Bitterheid tas jou verhouding met jouself aan. Bitterheid vergiftig jou denke, gees en liggaam. Dit besoedel jou hele wese. Dit beïnvloed jou oordeel oor sake, dit laat jou humeur opvlam, verrinneweer jou gevoelens en verhard jou hart. Bitterheid maak jou hard, krities, depressief, onvriendelik, onaantreklik, ongewild en onbeminlik. Jy word 'n eensame mens!

## D. GOEIE REAKSIE OP ONREG:
## REAGEER IN DIE RIGTING VAN GOD




As jy verkeerd behandel word, bekyk jy die situasie doelbewus van 'n bonatuurlike (goddelik),vertikale gesigspunt. Jy kyk eers na God wat 'n doel het met hierdie gebeurtenis, anders sou Hy dit nie toegelaat het nie. Jy reageer dan af op God, in plaas van op die oortreder. Jy stort jou hart en gevoelens voor God uit (Psalm 38:1-23; Psalm 62:9). Jy bid tot God vir genade om op die regte manier te reageer teenoor die persoon wat verkeerd teenoor jou opgetree het.

Dan lees jy in die Bybel en ontdek hoe God wil hê dat jy teenoor hierdie persoon moet reageer (Matteus 18:21-35). Jy verwag om voordeel te trek uit hierdie pynlike gebeurtenis. Deur te fokus op God en sy doel met jou lewe word die pynlike gebeurtenis minder belangrik en in 'n sekere sin draagliker.

Dit het groot waarde om op 'n selfbeheersde, verstandige en aangename manier op die oortreder se daad te reageer.

## E. DIE VOORBEELD VAN JOSEF

### 1. Josef word verkeerd behandel.

*Sy eie familie het Josef verkeerd behandel* (Genesis 37:1-36). Sy broers was jaloers op hom, gooi hom in 'n put en verkoop hom as 'n slaaf. Hulle vertel 'n leuen aan hulle pa Jakob en sê dat Josef deur wilde diere verskeur is. Josef het hierdie verkeerde behandeling nie verdien nie. Josef het 'n slagoffer geword van die onreg van sy eie familie!

*Sy eie werkgewer het Josef verkeerd behandel* (Genesis 39:1-23). Die vrou van sy werkgewer het geprobeer om Josef te verlei tot sonde. Toe hy dit elke keer afwys, beskuldig sy hóm van die daad en word hy sonder deeglike ondersoek (verhoor) in die gevangenis gegooi. Josef was regverdig en tog het hy 'n slagoffer geword van die onreg van sy werkgewer!

*Sy eie vriende het Josef verkeerd behandel* (Genesis 40:1-23). In die gevangenis het hy hulle gehelp met die uitleg van hulle drome. En die man wat in sy amp heraangestel was, het beloof dat hy 'n goeie woordjie vir hom sou doen by koning Farao. Maar hy het vir jare van Josef vergeet en weereens ly Josef onder die onreg van sy vriend!

### 2. Josef het 'n lang tyd gely.

Josef was 17 jaar oud toe hy deur sy broers as slaaf verkoop is (Genesis 37:2). En hy was 30 jaar oud toe hy die onderkoning van Egipte geword het (Genesis 41:25-57). Josef het 13 lange jare in 'n vreemde land onreg gely as slaaf en as gevangene! Dit alles het gebeur omdat hy deur ander mense verkeerd behandel is.

### 3. Josef se reaksie op hierdie verkeerde behandelings.

Tydens die periode van voorspoed, het Josef as onderkoning baie graan in Egipte opgespaar (Genesis 41:25-27). Toe die groot droogte en hongersnood gekom het, was daar 'n dreiging dat sy familie in Kanaän sou omkom. Daarom het sy vader sy broers gestuur om koring in Egipte te koop. Sonder dat hulle dit wis het sy broers skielik voor Josef gestaan. Hy het húlle herken, maar hulle het hóm nie herken nie (Genesis 42:1-3,8).

Na 'n tydjie het Josef homself aan sy broers bekend gemaak en aan hulle gesê dat hulle nie vir hom moet bang wees nie. Josef het nie *horisontaal* met woede/boosheid en dreigemente op sy broers afgereageer nie (prentjie 1) Inteendeel, hy het doelbewus *vertikaal* op God gereageer (prentjie 2) deur te sê dat dit nie húlle was wat hom na Egipte gestuur het nie, maar dat God hom vooruit gestuur het. God het hom vooruit na Egipte gestuur om sy hele familie te red! Josef het dit driemaal agtermekaar gesê (Genesis 45:1-11).

Josef het God se hand (leiding) in hierdie nare gebeurtenis raakgesien. Deur al hierdie moeilike jare heen het Josef nie sy aandag toegespits op die moeilike omstandighede nie, maar op God en God se plan met sy lewe! God het hom geleer om die oorwinning te behaal oor mishandeling in plaas van 'n slagoffer met gekwetste gevoelens en bitterheid te word.

### 4. Josef se reaksie op die oortreders.

***Lees*** Genesis 45:13-15,21-24; Genesis 50:15-21. Josef het op die juiste manier op mense gereageer. Hy het sy broers vergewe. Die hereniging van Josef met sy broers moes 'n ontroerende toneel gewees het: daar was omhelsings, trane, soene en baie gepraat. Waarskynlik was dit trane van spyt en blydskap. Josef het die onreg wat hom aangedoen is in die verlede nie teen sy broers gehou nie. Hy het in die verlede nooit 'n lysie gemaak van al die onreg wat hom aangedoen is nie (vgl. 1 Korintiërs 13:5).

Al lankal vóórdat hy met sy broers versoen is, het hy hulle vergewe en het hy toegelaat dat God alle bitterheid uit sy hart wegvat. En selfs ná sy vader se dood, toe sy broers bang was dat Josef hulle sou terugkry en hom sou wreek, het hy hulle gerus gestel. God het hierdie hele gebeurtenis gebruik om 'n volk te red (Genesis 50:19-21).

In plaas van bitterheid en vergelding het Josef vergifnis en liefde getoon. Sy gekwetste gevoelens was jare gelede al genees (Genesis 50:19-21)!

Josef se moeilikhede het God se moontlikhede geword!

## F. WAT SÊ DIE BYBEL OOR BEPROEWINGS

Verkeerde behandeling kan "beproewings" word en baie verskillende vorms aanneem, soos moeilikhede, teenstand, verwerping, minagting, spot, veronregting, mishandeling, vervolging, vernietiging en dood.

### 1. Hoe moet christene beproewings beskou?

***Lees*** Romeine 8:28; Filippense 1:12-14.
As iemand jou verkeerd behandel het, sou jy dit kan beskou as iets wat God toelaat om daarmee iets goeds tot stand te bring in jou of vir jou en vir ander mense.

### 2. Hoe moet jy op beproewings reageer?

(1) Soms met toorn.
***Lees*** Efesiërs 4:26-27,29,31-32. <u>Soms mag en moet 'n Christen kwaad word met 'n heilige en regverdige toorn teen onreg en sonde</u>. Maar 'n Christen mag nie aan sy boosheid uiting gee met getier, gevloek of enige vorm van geweld nie. Sy boosheid mag nie lei tot die doen van "sonde" nie (m.a.w. dinge wat nie God se doel is nie).

Die Christen se boosheid/woede mag ook nie vir langer duur as daardie dag nie (Efesiërs 4:26). Voordat hy gaan slaap moet die opwelling van boosheid/woede verby wees en moet hy alles (moontlik) gedoen het om die verhouding met die persoon vir wie hy kwaad was, reg te stel. Alleen op hierdie manier sal die Christen die duiwel geen vatkans in sy lewe gee nie.

(2) Altyd op 'n beheersde, rasionele en aangename manier.
***Lees*** Matteus 18:15-17; Lukas 17:3-4. Jy mag en moet diegene wat jou verkeerd behandel het, teregwys, maar jy moet dit <u>op 'n beheersde, rasionele en aangename manier</u> doen. Jy mag nie kwaad bly vir die ander persoon nie. As jy dit tóg doen, dan word die ander persoon die emosionele fokus in jou hele lewe en begin dit al jou ander verhoudings ook bepaal. Jy moet hom vergewe. (Soms duur dit baie lank en moet jy hom telkens wéér vergewe).

(3) Nooit met wraak nie.
***Lees*** Matteus 5:38-42; Lukas 6:27-28; Romeine 12:17-21; 1 Petrus 2:21-23. 'n Christen mag nooit wraak neem nie. <u>Die vergeldingswette ("oog vir 'n oog") in die Ou Testament gaan nie oor persoonlike wraak of vergeldingsaksies nie. Dit was juridiese en sosiale wette van die volk van Israel en gee uitdrukking daaraan dat daar volkome ooreenstemming moet wees tussen die oortreding en die straf</u> (Eksodus 21:12-36; Levitikus 24:10-23; Deuteronomium 19:14-21).

Nou, in die Nuwe-Testamentiese periode, word die straf van onreg in die samelewing oorgelaat aan die wettig aangestelde regter (Romeine 13:1-7). Jesus Christus het gekom om die Wet en die Profete (die hele Ou Testament) te

vervul (Matteus 5:17). Die juridiese en sosiale wette van Israel in die Ou Testament *is nou vervang* met 'die kultuur van die Koninkryk van God' in die Nuwe Testament (lees daaroor in die Bergrede en in die gelykenisse van Jesus Christus). In plaas van wraak te neem, moet jy nou as Christen die onreg wat jou aangedoen word, toevertrou aan God, wat heeltemal regverdig daaroor sal oordeel (1 Petrus 2:21-23)! Dus in plaas van om op die oortreder af te reageer, moet die Christen na God toe reageer en die afhandeling van die saak aan God oorlaat.

(4) Hoe reageer jy op 'n Bybelse wyse teenoor die oortreder? Vra God om jou *genade* te gee vir die volgende:

- Moenie jou verset teen iemand wat kwaad doen nie (Matteus 5:39)
- Jy moet die "vyand" (oortreder) liefhê; Doen goed aan die mense wat jou haat; Seën die mense wat jou vervloek (Lukas 6:27-28)
- Bid vir mense wat jou onregverdig behandel
- Verdra beproewing (1 Petrus 2:19)
- Oorwin die kwaad deur die goeie (Romeine 12:21)
- As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense (selfs die oortreder) (Romeine 12:18).

In plaas van energie en geld te mors met wraak, word Christene beveel en uitgedaag <u>om dinge te doen wat die oortreder nie verwag nie</u>. Gee vir hom meer (bv. liefde, barmhartigheid, vergewing) as wat hy vra en <u>oorwin so die kwaad deur die goeie te doen</u>. So kan jou vyande miskien hulle houding verander en bring jy hulle in verleentheid en sal hulle miskien hulle skaam.

### 3. <u>Hoe gemaak met gevoelens wat seergekry het</u>?

***Lees*** Psalm 38:1-23; Psalm 62:9.
Wees heeltemal eerlik teenoor jouself, teenoor die oortreder en teenoor God oor jou gevoelens en gedagtes. Druk jou boosheid, woede, bitterheid, pyn en seergemaakte gevoelens teenoor God uit

Soms genees God jou seergemaakte gevoelens baie gou, maar dit kan ook 'n geruime tyd neem voordat jou seergemaakte gevoelens genees, en dan sal jy moet voortgaan om te bid en te vergewe. As jy in jou bitterheid gesondig het, moet jy die sonde bely teenoor God en teenoor die persoon teen wie jy gesondig het. (Jakobus 5:16), maar jy kan ook 'n ander Christen vra om jou by te staan in die stryd teen die bitterheid (Matteus 18:19).

### 4. <u>Wat is die nut van beproewings</u>?

***Lees*** Romeine 5:3-5; Hebreërs 12:10-11; Jakobus 1:2-4. Beproewings ontwikkel jou deursettingsvermoë en jou karakter en maak jou lewe vrugbaar en invloedryk!

## G. PRAKTIESE OEFENING

- Dink na oor onreg wat jy iemand anders aangedoen het en nóg nie reggestel het nie.
- Neem die inisiatief en maak die saak weer reg.
- Dink na oor onreg wat jou in die verlede aangedoen is. As jy nog bitterheid in jou gedagtes en gevoelens hieroor vertroetel, neem dan die inisiatief en maak die saak weer reg met die oortreder. Laat God toe om jou seergemaakte gevoelens te genees en jou pynlike herinneringe weg te vat.
- Volgende keer as iemand jou veronreg, reageer dan teenoor God. Laat God toe om jou volharding en karakter op te bou en jou lewe vrugbaar en invloedryk te maak.
- Leer ander Christene wat die Bybel sê oor bitterheid en vergifnis.

| 5 | GEBED (8 minute) *[REAKSIES]*<br>GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD |
|---|---|

*Bid* saam in antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring kort (met net één of twee sinne) tot God reageer op wat in hierdie byeenkoms van God geleer is.

Die groep kan ook verdeel in groepies van twee of drie persone en saam met mekaar vír mekaar bid (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

| 6 | VOORBEREIDING (2 minute) *[OPDRAGTE]*<br>VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS |
|---|---|

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit neerskryf.
1 <u>Toewyding</u>. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor vergewensgesindheid met iemand anders of met 'n klein groepie.
2. <u>Persoonlike tyd met God</u>. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk op 'n keer uit 1 Samuel 9, 10, 12 en 14. Maak gebruik van jou gekose Bybelvers of gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.

3. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (2) Matteus 4:1-11. Tema: Versoekings in die wêreld. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en vergewensgesindheid.